higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N800**(A)**(N14)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE FABRIEKSORGANISASIE N4

(4090584)

14 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE FABRIEKSORGANISASIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die algemeenste oorsaak van 'n brand in 'n fabriek is …

A rook ('smoking').
B foutiewe elektriese toerusting.
C gemors ('rubbish').
D akkumulasie van materiaal ('cloth').

1.2 'n Voorbeeld van 'n fisiologiese struikelblok is …

A huishoudelike probleme.
B stres.
C swak visie.
D luiheid.

1.3 Die persoon in beheer van die produksiepersoneel is die …

A verkoopsbestuurder.
B toesighouer.
C ontwerper.
D bestuurder.

1.4 Stikwerk wat op die oppervlak van 'n tekstielstof aangewend word, hetsy in 'n reguit lyn, gerond, of geskulp in 'n patroon:

A Randafwerkingstiksel ('edge finish stitching')
B Omkap-kettingsteek ('overedge chainstitch')
C Omwerk-kettingsteke ('covering stitches')
D Sierstikwerk

1.5 Die las ('joining') van garing tydens die weefproses wat 'n klein merk op die materiaaloppervlak laat, staan bekend as …

A beskadigde materiaal.
B gebreke of defekte.
C frummeling ('pilling').
D trek ('pulling').

1.6 Die soort soom wat op sirkelvormige rompe, frilletjies en fyn onderklere gebruik word:

A Rolsoom
B Enkelsoom
C Masjiengestikte soom
D Eenvoudige soom ('Plain hem')

Kopiereg voorbehou

1.7 Die veiligheidsbeampte moet 'n … persoon wees.

A toegewyde
B verantwoordelike
C veiligheidsbewuste
D gekwalifiseerde en opgeleide

1.8 … herversprei gewoonlik stukke wat van die grootmaathoeveelhede afgesny word na vervaardigers.

A Kleinhandelaars
B Invoerders
C Groothandelaars
D Kopers

1.9 Dun liggewigmateriale en satyn word op die volgende manier geberg:

A 'Cuttles'
B Op rolle
C Stuklengtes op rolle ('Bolts')
D Word opgehang

1.10 Parsing ('Pressing') speel 'n enorme rol in die voltooide voorkoms van kledingstukke. Die term … verwys na parsing op gedeeltelik gekonstrueerde kledingstukke.

A naparsing ('off pressing')
B finale parsing
C binneparsing ('underpressing')
D bo-parsing ('top pressing')

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 'n Blokpatroon is 'n gestileerde patroon wat vir die sny van proefkledingstukke ('sample garments') gebruik word.

2.2 Patroonpapier kom in 'n verskeidenheid gewigte en kleure.

2.3 Industriële naaimasjiene kan verskillende soorte steke stik.

2.4 Inspeksie om kledingstukke van goeie gehalte te verseker is slegs nodig aan die einde van die naaldwerkproses.

2.5 Sigseine ('Sight signals') is 'n effektiewe manier om inligting oor te dra.

2.6 Swak sig kan 'n veiligheidsrisiko inhou in 'n werksomgewing.

2.7 Leiding ('Leading') is daarop gemik om organisasiedoelwitte te bereik.

Kopiereg voorbehou

2.8 Werksvloei moet sorgvuldig beplan word om die hoogste produksie te verseker.

2.9 Geel is 'n voorbeeld van 'n koel kleur.

2.10 Fluweel is 'n voorbeeld van materiaal wat op rolle verpak word.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Gee EEN woord of 'n term vir elk van die volgende stellings:

3.1 Word normaalweg slegs gebruik wanneer enkellaag/dubbellaagmateriaal gesny word

3.2 Word gebruik om klein gaatjies deur die pool ('piles') van materiaal te boor, byvoorbeeld pylnaat- en sakposisies

3.3 Die masjien het 'n spoel en 'n naald

3.4 Die persoon in beheer van algemene veiligheid

3.5 Hierin word basiese eerstehulp-items gebêre

3.6 Die persoon in beheer van 'n masjienbediener ('machinist')

3.7 Die glans van kleur/toerusting kom na vore in die lig

3.8 Die simbool wat gebruik word om 'n proses of werksaktiwiteit aan te dui

3.9 'n Snymasjien wat skerp hoeke akkkuraat kan sny

3.10 'n Afwerkmasjien wat gebruik word om rou naatkante af te werk

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.


KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Oop oplegging ('Open laying up')	A	breë materiale
4.2	Rugkant bo ('Back up')	B	effekleurige ('plain') materiale
4.3	Regte kante teenmekaar ('Face to face')	C	pelsstowwe ('fur fabrics')
4.4	Regte kant bo ('Face up')	D	ruitstowwe ('check fabrics')
4.5	Op die vou	E	leerstowwe ('leather fabrics')
4.6	Word gedoen nadat kledingstuk klaar is	F	geraas
4.7	Een lus wat deur 'n ander lus gaan wat van dieselfde garing gevorm is	G	fluweel ('velvet')
4.8	Ongewenste klank	H	inspeksie van proses
4.9	Hierdie kleur skep 'n somber gevoel	I	interlasvorming
4.10	Hierdie kleur skep koelheid	J	geel
		K	finale inspeksie
		L	grys
		M	intralusvorming ('intralooping')
		N	blou

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 5

Volgens Maslow kan menslike behoeftes in VYF groepe verdeel word.

Noem en beskryf elke groep. Tabuleer jou antwoord soos volg:

MASLOW SE HIËRARGIE	BESKRYWING
	5.1.1
	5.1.2
	5.1.3
	5.1.4
	5.1.5

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Verskillende soorte toerusting word in die snykamer van 'n fabriek gebruik.

Bespreek die toerusting onder die volgende opskrifte:

6.1.1 Snytafels (4)

6.1.2 Snymasjiene (3)

6.1.3 Kaartuitreikmasjiene ('Ticketing machines') (2)

6.1.4 Merkmasjiene ('Marking machines') (4)

6.2 Bespreek die gebruike van die volgende masjiene:

6.2.1 Warm boor ('Hot drill') (2)

6.2.2 Warm uitkeper ('Hot notcher') (2)

6.3 Noem VIER 'oop' ('on the open') uitlegtegnieke wat in 'n klerefabriek gebruik word. (4)

6.4 Gee VYF vereistes vir 'n merker ('marker'). (5)

6.5 Gee die eienskappe van 'n industriële naaimasjien. (7)

Kopiereg voorbehou

6.6 Noem VIER masjiene vir spesiale funksies ('special function machines'). (4)

6.7 Beskryf die funksie van 'n knoopaanwerkmasjien ('button sewing machine'). (3)

6.8 Verduidelik die term *kleurvastheid*. (5)

6.9 Gee VYF gehaltestandaarde vir knope en knoopsgate. (5)
[50]

VRAAG 7

7.1 Verduidelik die verskil tussen *frummeling* ('pilling') en *trek* ('pulling'). (6)

7.2 Verskeie toetse word uitgevoer om material vir gehalte te toets. Verduidelik kortliks hoe die volgende toetse in 'n laboratorium uitgevoer word:

7.2.1 Kleurvastheid (4)

7.2.2 Sonligbestandheid (3)

7.2.3 Hittebestandheid (3)

7.3 Beskryf die term *stiksel* kortliks. (4)

7.4 Een van die funksies van bestuur is aanstelling ('appointment').

Bespreek die term *aanstelling*. (2)

7.5 Beskryf kortliks die inhoud van getuigskrifte. (7)

7.6 Bespreek kortliks die beplanning van die klerefabriek se uitleg om geraas uit te skakel. (5)

7.7 Gee DRIE voordele en DRIE nadele verbonde aan die opleiding van werknemers. Tabuleer jou antwoord. (6)

7.8 Gee die verantwoordelikhede van die koper of die magasynmeester ('storekeeper') wanneer voorraad in ontvangs geneem word. (10)
[50]

VRAAG 8

8.1 Gee VYF riglyne vir die invul van 'n werksaansoekvorm. (5)

8.2 Gee VYF maniere waarop 'n maatskappy nuwe werknemers kan werf. (5)

8.3 Veiligheid is die verantwoordelikheid van alle belanghebbendes. Beskryf die verantwoordelikhede van:

8.3.1 Die werknemer (10)

8.3.2 Die veiligheidsbeampte (10)

8.4 Om die spesifieke doelwitte van die organisasie te bereik, moet bestuur VYF basiese funksies verrig om groepsaktiwiteit te koördineer.

8.4.1 Maak 'n skets van hierdie funksies. (5)

8.4.2 Bespreek elk van die funksies genoem in VRAAG 8.4.1 kortliks. (5)

8.5 Verduidelik hoe swak kommunikasie 'n uitwerking op 'n organisasie het. (5)

8.6 Gee VYF maniere waarop kommunikasiestelsels verbeter kan word. (5)
[50]

VRAAG 9

9.1 Omskryf die volgende terme:

9.1.1 Produktiwiteit (3)

9.1.2 Produksie (5)

9.2 Beskryf TWEE soorte produksie, met voorbeelde. (4)

9.3 Omskryf *werkvloei* in die klerebedryf. (6)

9.4 Bestudeer die volgende vloeikaartsimbole. Noem en gee die betekenis van elkeen.

Tabuleer jou antwoord soos volg:

SIMBOOL	NAAM	BETEKENIS
		
		
		
		
		
		

(12)

9.5 Onderskei tussen *werkruimte* en *werkstasie*. (4)

9.6 Verduidelik waarna die term *klimaat* verwys. (14)

9.7 Noem die meeteenheid vir die volgende:

9.7.1 Geraas (1)

9.7.2 Ligintensiteit (1)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 200
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou